




## Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging (SASV)

**Bulletin 9A**

2015/1


### Sierduifrasse in Suid Afrika

Kartelrug




Die Kartelrug is 'n middelmatige grootte duif wat 400-450 gram weeg. In vorm, moet die duif 'n gehurkte, laagstaande en bootvormige voorkoms aanneem. Die bene en pote is met 'n growwe kousbedekte veerlaag bedek. Die vere op die pote moet nie langer as 50mm wees nie en moet kartels vertoon. Lang digte krulle bedek die vlerkskilde en strek so hoog en na as moontlik aan die skof. Die primêre stertpenvere, vlerkslagpenvere, onderdons, been-, en voetvere is gekartel. Die kartels gee die indruk van 'n spiraal wat om 'n potloodpunt gedraai is.

Ysduif - Kaalbeen




Die Ysduif is 'n middelmatige grootte duif met 'n breë bors en die res van die lyf spits wigvormig af na die stert. Die oog is helder oranje tot donkerrooi. Die kleur van die duif is 'n bleek ysblou, met penvere wat swart is en die stertband is swart. By ongebalke duiwe is daar geen teken van 'n balk nie, swartgebalke duiwe vertoon 2 aaneenlopende fyn balke op elke vlerk. Witgebalke duiwe vertoon 2 smal wit balke wat met swart omsoom is. Wit omsoom vertoon wit driehoekvormige patrone op die vlerke wat omlyn is met 'n swart lyn. Ysduiwe word gevind met kaalbene of veerpote.

Damascene




Die Damascene is die grootte van 'n aktiewe posduif, kort van veer en breed oor die bors. Die kop is redelik groot, vol en rond van beide voor- en syaansig. 'n Matige hoek word met die neusvat gevorm. Die keelvel is goed ontwikkel en die bek is redelik kort en swart van kleur. Die oog is rooi en diep grys van kleur met 'n groot en plat oogring wat damaspruim van kleur is. Die kleur is poeiersilwer op die oppervlakte en roetagtig in onderkleur. Die kop, nek, lyf en stert is van dieselfde kleurskakering. Die penvere is so donker as moontlik.


Starling




Die Starling vertoon 'n goed geronde bors wat effens prominent is. Die kop is ovaal, effer geboë met of sonder 'n kuif. Die oogkleur is donker by witkop duiwe of helder rooi vir die res. 'n Verskeidenheid kleure word aangetref waaronder soliede kleure soos swart en rooi. Hierdie kleure vertoon 2 wit balke. Die belangrikste eienskap van die Starling is die wit sekelvormige merk op die bors wat 30mm diep is en 60mm breed is oor die bors. Die Starling kom ook in die volgende kleure voor: witsterte, "monk markings", "marble markings", "silver laced" asook 'n vermenging van bostaande kleure.




Die Maltese se lyf is baie kort en horisontaal met 'n effense opwaartse wip van die romp. Die bors is vol en goed gerond en steek voor die vlerkrande uit. Die bors is breed en steek effens uit. Die romp is goed ontwikkel, dig geveer en wip effens op. Die stert is kort, vierkantig, wip opwaarts en leun vorentoe. Die bene is lank, reguit, sterk en goed van mekaar geplaas. Die nek is effens lank en slank, regop gedra met 'n effense terugwaartse kurwe. Die houding is regop en gestrek, 'n loodregte lyn gaan deur die oog en die bal van die voet. Die houding is trots en grasieus en duif is goed gespierd.



Die Mookee is klein en kort, mannetjies weeg 500g en wyfies 450g. Die lengte vanaf die punt van die stert tot voor by die bors is 200 - 250mm. Die duif vertoon 'n wigvorm van die kant gesien met 'n prominente bors. Die nek is sterk met die breedste deel waar dit by die skouers aansluit. Die nek vorm 'n buiging na agter. Die nek moet 'n aanhoudende ritmiese beweging vertoon terwyl die kop so stil moontlik moet vertoon. Die kopkleur is wit en dit strek vanaf die beklyn opwaarts. Verkieslik moet die 2 buitenste penvere aan elke vlerk ook wit wees. Die duif behoort altyd op sy tone te staan.



Die Modena is medium in grootte en so kort as moontlik. Die bors is breed, rond en prominent. Die rug is breed tussen die skouers, kort en mooi gerond. Die lyf is kort, breed, diep en gerond. Die houding is trots en regop, met die kop hoog en effens na agter gedra. Die stert is kort, stewig en wip opwaarts. Die bene is lynreguit maar nie uitermatig lank nie. Die Modena word in twee kategorieë ingedeel, nl Gazzi en Schietti. Die Gazzi se kop, boonste nekgedeelte, vlerke, vlerkpenne en stert is gekleur met die res van die lyf wat wit is. Schietti is self kleure wat ook in 'n groot verskeidenheid voorkom.



Die Domestic Show Flight is 200mm hoog en 210mm lank vanaf die punt van die bors tot by die stert. Die bors moet half sirkelvormig wees en 110mm breed wees. Die nek is 60mm breed in deursnee. Die bene is reguit en 60mm uitmekaar en moet 'n vertikale lyn met die oog vorm. Die kop moet skerp lig vanaf die neusvrat en in 'n prominente boog voortgaan en eindig by die nek. Die bek moet 25mm lank wees en 4,5mm breed by die basis. Die bek is rooi by die basis en word ivoorkleur na voor. Die 10 primerê vlerkvere moet wit wees terwyl die res van die lyf gekleur is.

[www.safpa.za.org](http://www.safpa.za.org)

#### SA Skaarsras Klub

President: Chris van der Walt, 082 3786447  
 Sekretaris: At van Jaarsveld, 072 3681214

#### Nasionale Modena Klub

President: Ruben Kitching, 082 4349808  
 Sekretaris: Dawie Fouché, 082 8381417

#### SA Mookee Klub

President: Attie van Aswegen, 082 4118483  
 Sekretaris: Ruben Kitching, 082 4349808